



Verwysing: 20160411-9322
Lêer: 14/7/1/2
Navrae: Me NF Sobetwa-Magodla

Omsendbrief: 0018/2016
Vervaldatum: 30 Junie 2016

Aan: Hoofdirekteure, Direkteure (Hoofkantoor en Onderwysdistrikskantore), Adjunk-direkteure, Hoofonderwyskundiges, Bestuurders: Kurrikulumondersteuning, Kringspanbestuurders, Hoofde: IBB-koördinerings- en -advies, IBB-bestuurders, Adjunkhoofonderwyskundiges, Hoofde: GLOO-koördinerings- en Assesserings-koördineerders, Kurrikulumadviseurs en -bestuurders van Leersentrums vir Volwassenes

Kort opsomming: Hierdie omsendbrief lig die leersentrums vir volwassenes in aangaande die finale rooster en reëlings vir die Junie 2016 Basiese Onderwys en Opleiding vir Volwassenes (BOOV) Vlak 4-eksamens

Onderwerp: Finale rooster en reëlings vir die Junie 2016 Basiese Onderwys en Opleiding vir Volwassenes (BOOV) Vlak 4-eksamens

1. Aangeheg is die rooster vir die Junie 2016 Basiese Onderwys en Opleiding vir Volwassenes (BOOV) Vlak 4-eksamens. Die eksamens sal op 26 Mei 2016 begin en op 20 Junie 2016 eindig. Alle eksamensessies sal op 14:00 begin. Versuim om te hou by die eksamendatums en tye sal as 'n onreëlmatigheid beskou word.
2. Gehalteversekering van eksamenprosedures is noodsaaklik om die geloofwaardigheid van die eksamens te verseker. Dit sal onaangekondigde besoeke aan die eksamensentrums insluit om te verseker dat alle eksamens afgeneem word ooreenkomstig die toepaslike regulasies. Verteenwoordigers van die Wes-Kaap Onderwysdepartement (WKOD), Umalusi en die DHOO sal die eksamenprosedures by die eksamensentrums monitor. Neem asseblief kennis dat moniteurs toegelaat kan word om 'n eksamen te monitor slegs indien hulle bewys van identiteit en 'n magtigingsbrief om 'n eksamen namens die betrokke kantoor te monitor, kan toon.
3. Indien 'n sentrum se eksamens op die terrein van 'n hoofstroomskool afgelê word, moet die sentrumbestuurder vooraf reëlings tref vir die gebruik van die kluis, die administratiewe afdeling, klaskamers, ablusiegeriewe, ens.
4. Die sentrumbestuurder is verantwoordelik en aanspreeklik vir alle administratiewe kwessies wat verband hou met die eksamens.

5. Geen kandidaat mag toegelaat word in die eksamenlokaal tensy hy of sy 'n toelatingsbrief en 'n identiteitsdokument kan toon nie. (Let op dat indien 'n kandidaat toegelaat word om eksamen te skryf sonder 'n geldige identiteitsdokument en toelatingsbrief, hy of sy bewys van identiteit moet verskaf binne 24 uur. Versuim om dit te doen sal 'n onreëlmatigheid in die eksamen wees).
6. Die hoofopsiener moet seker maak dat kandidate die eksamenlokaal binnegaan 35 minute voor die amptelike aanvangstyd van die eksamensessie. Hierdie tyd moet soos volg gebruik word:
 - 6.1 Die eerste 25 minute moet gebruik word om die kandidate hul regte sitplekke te laat inneem, om vraestelle uit te deel en eksamenregulasies oor te dra.
 - 6.2 Gedurende die volgende 10 minute moet die kandidate die geleentheid kry om deur die vraestelle te lees.
 - 6.3 Dit is nie toelaatbaar om enigiets te skryf of notas te maak gedurende die 35 minute nie. 'n Oortreding van hierdie reël sal as 'n onreëlmatigheid beskou word.
 - 6.4 Kandidate moet ophou skryf op die tyd wat op die eksamenrooster aangedui word.
7. Sentrumbestuurders word versoek om:
 - 7.1 so gou as moontlik, roosters aan al hulle opvoeders en kandidate te verskaf om hulle toe te laat om hulle finale voorbereidings vir die eksamen te tref; en
 - 7.2 al hulle kandidate daaraan te herinner dat hulle identiteitsdokumente en toelatingsbriewe getoon moet word voor die aanvang van elke eksamensessie om enige identiteitsbedrog te voorkom.
8. Bring asseblief die inhoud van hierdie omsendbrief onder die aandag van alle kandidate en onderwysers.

GETEKEN: PA VINJEVOLD

HOOF: ONDERWYS

DATUM: 2016-04-26